Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 48 Deel 110
VRYDAG - 6 DESEMBER 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Stofwolke voor die welkome reën



# Bek-en-Klouseer veroorsaak verbod op veeveilings

Bek-en-klouseer is 'n hoogs aansteeklike en soms noodlottige virale siekte wat meestal beeste en varke aantas. Dit kan ook wildsbokke, bokke, skape en ander gesplete hoefdiere besmet, maar nie mense nie. Bek-en-klouseer kom regoor die wêreld voor en terwyl sommige lande vir 'n redelike lang tyd siektevry was, bly dit steeds 'n bron van kommer vanweë die breë gasheerbasis en vinnige verspreiding. Die departement van landbou, bosbou en visserye het, tot verdere kennisgewing, op 14 November 'n tydelike verbod op veilings geplaas nadat bek-en-klouseer in Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes uitgebreek het. Dit het gebeur nadat daar in 'n verklaing op 6 November bevestig is dat die siekte in die Modemole-omgewing uitgebreek het. Dit is die tweede keer wat bek-en-klouseer in Limpopo voorkom hierdie jaar. Nadat dit in Januarie uitgebreek het, is die gebied siektevry verklaar in Mei. Inentings en dip van beeste vind tans plaas in Limpopo om bek-en-klouseer te voorkom en beheer en die betrokke plaas is ook onder kwarentyn geplaas. Dit is 'n groot terugslag vir vee- en wildsboere in die land, wat reeds deur knellende droogte op hulle knieë gedwing is.

Daar is 'n landswye verbod op veilings aangekondig op 4 Desember aangesien sommige instellings die veilingsverbod geïgnoreer het. Die verbod op veilings hou ernstige gevolge vir die verbruiker in veral met feestyd om die draai. Verbruikers moet daarop voorberei dat vleispryse gaan styg en die aanbod van vleisprodukte gaan daal. Dit kan ook daartoe lei dat baie mense in die veebedryf hulle werk kan verloor. Verdere slegte nuus aan die boere is dat grense gesluit word vir enige uitvoere.

Die departement het egter boere gevra om streng bio-veiligheidsmaatreëls toe te pas om die veilingbedryf veiliger te maak. Die verskuiwing van diere moet onder die toesig van 'n veearts gedoen word en moet so ver moontlik beperk word. Boere word aangeraai om die gesondheidstatus van diere wat hulle wil verskuif, vooraf vas te stel. Voorts word daar voorgestel om 'n gesondheidsertifikaat vir die kudde van oorsprong te verkry, wat bevestig dat die kudde geïnspekteer is en dat die diere uit 'n gebied kom wat nie deur bek-en-klouseer geraak word nie. Maak dus seker waar die diere wat verkoop word, vandaan kom. Daar word klem daarop gelê om kommunikasieveldtogte in verskillende tale te plaas, om almal bewus te maak van die siekte en die erns daarvan om aan die verskerpte beheermaatreëls gehoor te gee. Provinsiale veeartse sal met die inentingsveldtog help.

Boere moet uitkyk vir tekens van die siekte: depressie, sere in die bek en om die hoewe, diere onwillig om te eet en beweeg moeilik a.g.v. sere in en om die bek en hoewe en selfs verlamming.

**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019, die winkel sal nog oop wees tot en met die 19de Desember 2019.**
**Die Herald se fabriek open DV 8 Januarie 2020 en die winkel open 6 Januarie 2020.**

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07


NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

# HOOGGELEGEN GELOFTEFEES PROGRAM

13-16 Desember 2019


**VRYDAG 13 DESEMBER 2019**
19:30 Toneel : Mirresyne virrie hart - Hentie Scheepers
R20 Volwassenes & R10 Kinders (8 jaar en jonger)

**SATERDAG 14 DESEMBER 2019**
09:00
Historiese monumente-toer met perde, motorfietse en bakkies : Deon van der Watt
14:00
Verwelkoming : Willem Lotter | Opening – Ds. Koos Lessing
Koorsang o.l.v. Judy de Lange | Verhuur van Feesgronde
Verkiesing van Feeskommissie | Optog na Monumente
Vlaghysing : Sina Oosthuizen, Mien du Toit, Manie van Rooy | Sing van Stem
15:30
Boeresport – o.l.v. Christian en André | Waatlemoenfees
18:00
Braaivleis met bykosse
R40.00 per persoon (bring eie eetgerei en stoele)
19:30
Verskeidenheidskonsert : Coert en Sarel
R20 Volwassenes & R10 Kinders (8 jaar en jonger)




**SONDAG 15 DESEMBER 2019**
10:00
Koorsang | Erediens – Ds. Ruan Combrink
18:00
Skyfie vertoning : Piet en Nellie de Crom | Rolprentvertoning van Bloedrivier

**MAANDAG 16 DESEMBER 2019**
08:00
Vroeë Biduur – Heinrich Jacobs
09:30
Gelofte-diens Ds. Ryno van As | Lees van Gelofte | Koorsang
11:00
Toespraak – Ds. Ruan Combrink | Koorsang
Afsluiting – Voorsitter - Willem Lotter



# Saambou Geloftefees



| | |
|---|---|
| **Plek:** | Saambou Geloftefeesterrein (Tussen Oranjeville en Deneysville) |
| **Tyd:** | Maandag, 16 Desember om 09:00 |
| **Erediens:** | Ds. Tommie van Vuuren |
| **Feesrede:** | Ds. Tommie van Vuuren |
| **Tema:** | Die geskiedenis van Geloftedag kan ons baie leer – nou en die toekoms. |

Dit is nie die eerste keer dat gelowiges die dinge beleef wat vandag in Suid-Afrika gebeur nie. En dit sal ook nie die laaste keer wees dat dit so sal gaan nie. Geskiedenis wys ons wat ons hemelse Vader in die verlede vir sy gelowige kinders gedoen het en vertel ons hoe gelowiges met sy genade nie moedeloos geword het nie, maar koers behou het.

Kom luister gerus saam die 16de Desember 2019.

Gesellige saamkuier en ligte versnaperinge na afloop van die verrigtinge. Vir enige navrae kontak Gerrit du Plooy 082 944 9290 of 082 386 2906.







**Vir meer inligting kontak:**
Helga Wessels
083 388 0289


Mindus Crous
082 314 3819

Kostes:
R60/p/p/n
Kinders o/3 gratis

# Doornkloof Gelofte gesinsfees 14-16 Desember 2019

Kom geniet die geloftefees in die kultuur van die outydse Voortrekkers





Kampgeriewe en verblyf beskikbaar
Bespreek vroegtydig

**Predikante:**
Ds Alwyn Swanepoel
Ds Arnold Smith
Izanne Ellis

**Feesrede en Kranslegging:**
Die Vrystaat Voortrekkers en Willie Engelbrecht

**Demonstrasies:**
SA Trekboervereniging
Ossewa ritte
FAK Liedere
Sarel Cilliers Museum

**Naweekprogram:**

**Saterdag 14 Des**
Trekboervereniging
Demonstrasies
Ossewa ritte
Skuurdans
Bring & Braai

**Sondag 15 Des**
Potjiekos
Staproetes
Amfiteater aanddiens
Rolprentvertoning

**Maandag 16 Des**
Gelofte erediens
Feesrede en kranslegging
Verversings
Kuier om die vuur

(GPS: S27°48.7', E27°54'49.4)

# KOM VIER SAAM GELOFTEFEES TE VEGKOP SLAGVELDTERREIN!

**Maandag, 16 Desember 2019**

**Program**

9:00 **Verwelkoming & Openingseremonie** (Vlagparade Heilbron Voortrekkers)

**Voorlees van Gelofte** (Staande)

**Skrifoordenking:** Ds. Willem van Schalkwyk – APKerk Heilbron
Skriflesing: Jeremia 29:11

**Kranslegging:** Mev. Ria van Vuuren

**Huldeblyk:** Ds. Hans van Vuuren

**Sang:** Lied van Jong Suid-Afrika

**Teepouse** (± 20min)

**Feesrede:** Mnr. Gert Bouwer – Geskiedkundige te Naboomspruit
Tema: "Afrikanervolk – Onthou!"

**Verkiesing:** Nuwe Feeskomiteelede

**Bedankings**

**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

**FEES-ETE EN VERVERSINGS NA DIE VERRIGTINGE BESKIKBAAR**
*Etekaartjies R80 per persoon moet asb. vooraf gekoop word by*

**Mev. Martha van Schalkwyk**
**Sel. 082 957 6756**

**Mev. Sandra Calitz**
**Sel. 082 626 9000**

Koeldranke te koop
Koffie/Tee gratis - Feeskomitee

**GELOFTEFEES NAVRAE**
Jasper van der Bijl
Sel. 082 453 7357

**KAMPERING**
Bespreek by Corné van der Merwe
Sel. 083 306 0357

# Boere-oorlog en Nieu-Seeland

## *Buitmakery pla nog*

*• Tom Watson*

Die stof van die 1899-1902 Boereoorlog het na 120 jaar nog nie in Nieu-Seeland gaan lê nie. Die stelling word gemaak dat die buitmakery van een Christen op 'n ander nié as 'n "trofee" beskou kan word nie.

Daar word beweer dat die Nieu-Seelandse soldate die boere se Bybels, wat die kosbare besittings van die boerevolk was, gebuit en gesteel het. Hul familie-geskiedenis was onder andere daarin vasgelê. Juwele, horlosies, ens. was ook buitgemaak.

Daar word nou 'n veldtog geloods in Nieu-Seeland dat die Bybels wel terugbesorg word aan die Suid-Afrikaanse burgers.

Die Herald het besluit om die beriggewing uit Nieu-Seeland net soos dit ontvang is, in Engels te plaas.

Nigel Robson, 'n senior historikus by die kantoor vir "Maori Crown Relations" word as die kontakpersoon beskou.



*The New Zealand Third Contingent, known as the Rough Riders, leaving Lyttelton for the Boer War in February 1900.*



*The first contingent of New Zealand Mounted Rifles leaves the Karori camp in Wellington in October 1899, heading for the Boer War. Their horses had been sent to the troopship the day before.*

"Although the practice of looting is as old as warfare itself, it was especially prevalent during the 1899-1902 Anglo-Boer War, and New Zealand troops were wholehearted participants. In an attempt to deny Boer forces their support networks, the British commander, Lord Kitchener, ordered the adoption of harsh measures that often included burning Boer farmhouses, slaughtering livestock and incarcerating thousands of civilians.

For New Zealand soldiers tired of monotonous rations, the Boer livestock and vegetables became primary targets during these operations, but they also looted homes. Trooper Luke Perham jokingly told his mother that contingent members were turning into "notorious thieves", while his brother Frank described operations in the field: "At the first farm house we reached, the fun commenced. We were told we could take whatever we liked".

Several men were forced to pay restitution after slaughtering Boer sheep, and one was briefly imprisoned for stealing from private homes. However, another New Zealand soldier described his contingent leaving "tear and desolation" in its wake when troopers received permission to loot two outlying villages.

After burning the Boers' homes and killing their animals, the trooper claimed "the women, with their frightened children huddling round them, stood looking sadly on, one here and there railing ineffectually in Dutch, but most weeping in silence". Not all New Zealand soldiers were comfortable targeting civilians, with one complaining "we are all dead sick of making war on women and chickens and cattle".

Trooper Harold Dickinson described the looting a Boer property: "You should have seen the things the fellows took. One fellow of ours got a gold watch and chain, another a silver one, and others also got valuables. I myself would not go near the place, as I reckoned it a damned shame".

During these operations, soldiers often removed Boer family bibles. Already reeling from the slaughter of their livestock and the destruction of their homes, the disappearance of these treasured heirlooms, which often included family records going back generations, was an added blow to the deeply pious Boers.

The language New Zealand newspapers used when referring to the bibles reflected differing perceptions of the morality of their acquisition. Some described the bibles as "looted" or "stolen", while others claimed they were "captured".

A Catholic trooper from Opotiki removed the Janse Van Vuuren family bible before the Boers Witpoort home was burnt. Joseph Johannes Fritz's bible was exhibited in the New Zealand Parliamentary Library, while another "found" by Trooper George Powell in the home of a Boer magistrate was displayed in Wanganui Museum. A museum visitor was appalled that its collection had been "disfigured by a looted Boer bible" Masterton politician Alexander Hogg concurred, describing the bible's theft as sacrilege and indignantly observing, "What a trophy for one Christian to loot from another!"

Shortly after the war ended, the Wellington Peace and Humanity Society added its voice to those calling for the return of Boer family records and heirlooms, with the scale of the looting becoming apparent in 1903 when the British commander-in-chief requested the return of bibles that had "disappeared" from Boer farms.

A correspondent to a New Zealand newspaper suggested the general should have gone further by encouraging the return of watches, rings and letters looted from Boer homes. In the same year, the press reported that, in the recent past, Boer bibles had been exhibited in many cities throughout New Zealand. A contingent member's father asked a Christ church politician to arrange the return of Peter van der Berg's family bible containing the Boer's will, a lock of hair bound with blue ribbon, Christmas cards and several "pathetic little souvenirs".

The looting of bibles was not, however, limited to New Zealanders, the family bible of Daniel Rossouw was taken to Australia by a member of the New South Wales Imperial Bushmen, while Boer general Piet Cronje's bible was exhibited as a war trophy in the British House of Commons. In 1947, during a visit to South Africa by King George VI, the bible of Boer president Paul Kruger was returned after being taken to England by a British general.

Although prime minister Richard Seddon arranged the repatriation of several bibles, a number remained in New Zealand, During his team's 1921 New Zealand tour, Springbok JS Oliver received a bible that had been looted from the Olivier family home by a member of the Seventh Contingent. In 1926 a Bible belonging to the Louw family was returned and, almost 27 years after the war ended, the Janse van Vuuren bible was finally repatriated. In 1936, the Auckland Star reported that there were "many Boer bibles still in the hands of New Zealanders".

Even today, New Zealanders may have Boer bibles in their possession without realising their significance to their original South African owners.

If anybody knows the whereabouts of Boer bibles in New Zealand, please contact Nigel Robson at byzantine60@gmail.com.



# SELFIES



Die eerste opgetekende een was in 1839 toe Robert Cornelius homself afgeneem het. Blykbaar het hy sy ou bokskamera se lensopening oopgemaak, in die foto ingehardloop, vyf minute daar gestaan en weer teruggehardloop na sy kamera om die lens toe te maak. Die eerste geverfde weergawe van 'n selfie was in 1524 toe die 21-jarige skilder, Parmigianino, homself geskilder het. Deesdae is die gemiddelde ouderdom van 'n "selfienemer", 23,6 jaar.

**EK HET NIE EERS GEWEET DAT DAAR 'N SPESIALE DAG IS VIR SELFIES NIE.** Internasionale Selfiedag word jaarliks op 21 Junie gevier. Terloops, die woord "selfie" was Oxford English Dictionary se woord van die jaar in 2013.

'n Paar feite oor selfies: Meer vroue as mans neem selfies – navorsing beweer dat mans wat selfies neem en dit op sosiale media plaas, geneig is om narsiste of psigopate te wees. Volgens Google word daar jaarliks ongeveer 24 miljoen selfies op sosiale media gelaai en volgens statistiek sal die gemiddelde persoon in haar/sy leeftyd ongveer 25000 selfies neem – as dit nie op 'n selfie is nie, het dit nie gebeur nie. Die selfiehoofstad in die wêreld is Makatistad in die Fillipyne. Manhattan en Miami is kortop hul hake.

Volgens sielkundiges kan baie uit selfies geleer word. Wanneer iemand 'n pruilmond maak, kan dit 'n aanduiding wees dat hulle emosioneel onstabiel is, as daar min van die omgewing rondom hulle te sien is, is hulle baie privaat. Daar is bevind dat ongeveer 68% van selfies eers geredigeer word voordat dit aanlyn geplaas word, sodat die eienaars van die selfies beter voel oor hulself. Mense wat verslaaf raak aan die neem van selfies kan obsessief-kompulsief wees en moontlik aan depressie ly.

**HET JY AL OOIT 'N LELIKE SELFIE GESIEN?** Min mense besef dat dit 'n verkeerde indruk is waarmee mense ons bombardeer. Alles is nie altyd mooi, sag, lekker en in pastelkleure nie. Selfies spog met persente, bestemmings en ander rekwisitiete wat nie bekostig kan word nie.

In 2016 is 70 mense dood terwyl hulle besig was om 'n selfie te neem. Wel, ek gaan amper dood wanneer ek na my eie selfies kyk. Dalk omdat ek so min oefening daarin kry?

Blykbaar moet jy die reël van derdes volg wanneer jy selfies neem. Ek konsentreer só om net bloot my gesig in die foto te kry dat ek van die derdes vergeet. Die volgende stap is om jou kop effens af te buig, mans moet effens opkyk. Goed, dankie vir daardie brokkie inligting. Wanneer jy en jou (effens langer) man langs mekaar staan om 'n selfie (of 'n onsie) te neem en jy kyk effens af en hy effens op, hoe op aarde kan altwee op die foto wees? Die volgende stap is om die foto in die middel of van bo af te neem. Dis nou terwyl een opkyk en die ander een af. En dan moet jy boonop 'n filter gebruik.

Nee, kyk, dit is vir my te veel werk.

Veels te veel werk.

Gemiddeld neem ek een selfie per maand, en dan is dit baie. Ek skrik my gewoonlik dood wanneer ek myself sien: regtig? Is dit hoe ek lyk? Dis net dubbelken en vet wange, skewe mond en halfmas oë. Grillerig. Die jongmense laat dit so maklik lyk. Hulle gaan staan botstil, wanneer die drang hulle bevlieg, ruk die foon uit, strike a pose en neem 'n foto. Terwyl die res van die wêreld agter hulle tot stilstand moet kom, want die selfie beslaan die hele sypaadjie.

Toe ons vroeër die jaar op daardie massiewe skip was, moes jy net koes, want om elke hoek en draai staan iemand met 'n selfoon en neem selfies. Selfs in die see.

**MENSE MET SELFIESTOKKIE EN SELFS DIEGENE SONDER SELFIESTOKKIE.**

Ons het onlangs die voorreg gehad om vir 'n paar dae by die see te gaan kuier. Ons gaan stap 'n lang ent en bekyk die vissermanne, die branders sus ons tot 'n diepe rus. Die sonsopkoms is blykbaar asemrowend vir diegene wat braaf genoeg is om so vroeg op te staan. Op 'n staptog sien ons vier jongmeisies by die strand, so by sonsak se tyd, elkeen met 'n selfoon in die hand. Soos wat die golwe aankom, neem hulle selfies. Ek kan onthou dat ek kleintyd geleer is dat jy nooit jou rug op die see draai nie, hulle het hierdie les gemis, want al vier van hulle neem selfies met hul rug na die branders. Ek sien hoe 'n kleinerige brander op die blondine afstorm. Haar giggel is klokhelder en sy trippel rond terwyl die water haar omvou. Maar die selfoon bly in die lug terwyl sy aanhou selfies neem. In my studentedae sou ek dit kon vergelyk met 'n dronk bier-in-die-hand-student wat val: die bier word omhoog gehou, solank dit net nie mors nie.

Vroeër dieselfde dag het ons, ons strandsambeel en handdoeke staangemaak by die swemstrand. Agter ons was drie paartjies wat opgedress was vir die dag. Ek lê met my ou pers Miladys-swembroekie, halfpad in die son en loer vir hulle uit die hoek van my oog. Elkeen van die drie dames het outfits aan wat jou na jou asem laat snak. Die swembroeke het 'n bypassende chiffonrokkie. Die een s'n is prikkelpienk, die ander een is kanariegeel en nommer drie het 'n swart-en-wit nommertjie aan. Die prikkelpienk-antie sit haar strandstoeltjie propvol en die ander twee dartel om haar soos bye met sinusprobleme. Ek loer steeds. Antie in prikkelpienk ruk haar selfoon uit en sy en die ander twee begin met die fotosessie. Ek sien hoe die agterste twee modelle elke drie sekondes van posisie verander. Prikkelpienk maak pruilmondjie (emosioneel onstabiel, onthou ek). Kanariegeel laat sak haar kop effens (sy het seker ook die selfiewenke gelees) en swart-en-wit lig haar been (al is dit glad nie in die foto nie). Ek het groot binnepret, want ek is so bly ek is nie vriende met haar op Instagram, Twitter of Facebook nie, want om dit van 'n afstand af te beskou, is erg genoeg.

Ek giggel vir die absurditeit van selfies.

Dalk is ek maar net te oud daarvoor.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens - Doop (Moeder) Blok 1

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 6 en 7

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Pastoor L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS-GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sundays**: Worship service 09:30
Almal welkom / All welcome
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE-GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke of navrae:
Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS-KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000

**AFRIKAANSE BAPTISTE-KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes)

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS

## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***




**RIEMLAND MUSEUM-TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

## Biblioteek-tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



# GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings, ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 29 Nov. | 18 / 32 | Sonnig |
| Sa 30 Nov. | 19 / 32 | Sonnig, warm |
| So 1 Des. | 17 / 32 | Sonnig, warm |
| Ma 2 Des. | 17 / 29 | Sonnig, warm |
| Di 3 Des. | 17 / 30 | 57% kans vir donderbuie |
| Wo 4 Des. | 16 / 32 | Warm |
| Do 5 Des. | 15 / 29 | Sonnig, warm |
| Vr 6 Des. | 16 / 29 | Sonnig, warm |
| Sa 7 Des. | 16 / 29 | Warm |
| So 8 Des. | 16 / 29 | Sonnig, warm |
| Ma 9 Des. | 18 / 31 | Sonnig, warm |

## KENNISGEWINGS

### KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **PHILIPPUS LODEWIKUS SNYMAN,** ID 361018 5020 081, in lewe getroud en woonagtig te plaas Holfontein, Heilbron, 9650, Provinsie Vrystaat.

**Meesterverwysingsnommer: 4819/2018.**

Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.

Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.

**LOUISE SNYMAN**
**LUYTSTRAAT 48,**
**HEILBRON**
**9650**
**082 965 4964**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE MARTHINUS CHRISTOFFEL VAN ZYL,** Identity Number: 351105 0003 089, in life unmarried, residing at Plaas Aankom, Rooiwal, District Koppies, 9540, Province Free State, **Estate Number: 6907/2018.**

Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON**
**9650**
**TEL: 058 852 2035**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE MAGDALENA PETRONELLA NAUDE,** Identity Number: 611231 0145 088, in life unmarried, residing at 31 Ringer Street, District Heilbron, 9650, Province Free State, **Estate Number: 5343/2019.**

Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

Sperdatum vir die
**HEILBRON HERALD VAN 13 DESEMBER**
is Dinsdag om 10:00.
Indien u nog in ons Kersuitgawe van 13 Desember wil adverteer kontak Silma by 083 363 6553.

## BETREKKING




### ROLSTOEL-PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel. Vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## DIENSTE


### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

*Die laaste uitgawe van die Heilbron Herald vir 2019 is op Vrydag 13 Desember en die eerste uitgawe van die Heilbron Herald vir 2020 verskyn DV Vrydag 10 Januarie 2020.*



## TE KOOP




### TE KOOP

Baie ruim woonhuis op dubbelerf in Vegkop uitbreiding.
Sitkamer, eetkamer, TV-kamer, 3 slaapkamers, 2 badkamers, gastetoilet, studeerkamer, kombuis, spens, opwas, waskamer, gereedskapstoor, dubbel motorhuis, dubbelafdak, onderdak stoep, boorgat, groot tuin. R875 000.
**Skakel 082 444 6383**

SKB

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531**

G

Laaste aflewerings vir 2019 na Reitz, Petrus Steyn en Frankfort is Vrydag 13 Desember. Kontak die Heilbron Herald vroegtydig om teleurstelling te voorkom.




## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019, die winkel sal nog oop wees tot en met die 19de Desember 2019.




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Wenke wat elke reisiger nodig het

Voordat jy vertrek - maak 'n lys en gaan dit noukeuring deur.

'n Lys is van groot waarde wanneer jy 'n vakansie reël. Skryf alles neer wat jy mag benodig. Dit verhoed dat jy die laaste minuut winkels toe jaag en onbeplande geld uitgee.

**PAK JOU TAS LIG**

Probeer om nie vir elke aktiwiteit 'n uitrusting te hê nie. Neem die weer in ag en maak seker jy onthou jou gemaklike stapskoene!

**MAAK SEKER JOU NOODHULP-TASSIE IS VOL VOORRAAD**

Sorg vir 'n klein tassie met noodsaaklike voorraad soos pleisters, antiseptiese salf, antihistamiene en pynstillers. Maak seker dat daar altyd sonbeskermer ingepak is. Lees na oor die klimaat om sodoende sonder pynlike sonbrand jou vakansie te geniet.

**BEHOU ALTYD KONTAK**

Sorg dat jy in verbinding bly met jou naastes. Pak jou laaier en kragbank in. Maak seker van die korrekte kragproppe wat jy benodig wanneer jy oorsee reis.

**GAAN JOU MOTORVOERTUIG NA**

As jy per motor reis, maak seker jy besoek jou motorwerktuigkundige vroegtydig om vloeistowwe, banddruk, olie, lugfilter, ligte en battery na te gaan.

**PADKOS IS BELANGRIK ONGEAG WAARHEEN JY GAAN**

Sorg vir gesonde peuselhappies om jou energievlakke konstant te hou. Drink baie water.

**WANNEER JY ARRIVEER - WEES PARAAT**

Hou 'n bietjie geld en van jou kaarte apart vir die reis. Dit is wys om afskrifte van jou paspoort en amptelike reisdokument by jou te hou.

**SPAAR JOU KAART EN HOU ALTYD BIETJIE KONTANT BY JOU**

Meeste mense verkies kaarte, maar baie aandenkingswinkels aanvaar slegs kontant, soms het jy 'n roomys nodig tydens 'n lang wandeling.

**LÊ SPESIALE OOMBLIKKE VAS**

Pak jou kamera, batterye en laaier in en sorg dat jou geheuekaart byderhand is. Danksy tegnologie, werk jou selfoon baie goed vir foto's.

**RAADPLEEG 'N KAART EN HOU KOERS**

Dit is vreesaanjaend om te verdwaal – 'n GPS of padkaart moet byderhand wees. Spaar jou foon se battery vir noodgevalle - en raadpleeg 'n kaart vir jou ekspedisie.

**WYS WIE JY IS EN MOENIE JOU GEES VERGEET NIE**

Hou jou Suid-Afrikaanse vlag hoog en wys hoe vriendelik ons kan wees. Neem jou positiewe ingesteldheid saam met jou en geniet jou reis.

**BEVEILIG JOU HUIS WANNEER JY WEG IS**

Indien jy van 'n veiligheidsmaatskappy gebruik maak, stel hulle in kennis van jou vertrek- en tuiskomsdatums en ook waar jou noodsleutel gebêre word. Maak seker dat daar duidelike tekens buite jou huis is dat jy aan 'n veiligheidsmaatskappy behoort.

**MOENIE OP SOSIALE-MEDIA ADVERTEER NIE**

Jy kan ongelukig nie al jou besittings saam met jou op vakansie neem nie, moet dus nie op sosiale media verkondig dat jy op vakansie gaan nie - die verkeerde persone kan opmerk dat jy nie tuis is nie.

**GEWILDSTE ITEMS WAT GESTEEL WORD**

Vuurwapens – Indien jy 'n wapen besit, moet dit ongelaai, in 'n versigtig versteekte, vasgeboute kluis toegesluit wees.

Draagbare rekenaars en toestelle – Statistieke dui daarop dat inbrekers vinnig toegang tot 'n woning verkry deur vensters te breek en dan draagbare toestelle gryp wat op koffietafels of kombuisblaaie gelaat is.



Juweliersware - Halssnoere, ringe en armbande kan maklik in broeksakke gedruk word en is 'n vinnige en maklike meevaller vir inbrekers.

Die Desembervakansie het uiteindelik aangebreek en dit beteken dat talle mense 'n blaaskans neem. Dit beteken egter ook verhoogde kriminele aktiwiteit, so maak seker jou huis is veilig terwyl jy met vakansie is.

## Het jy geweet ?...

Hoe het mense besluit hoe swaar 'n gram is?

Die kilogram is al meer as 200 jaar die internasionale standaard-eenheid vir massa.

Die naam dui egter daarop dat daar eens 'n ander standaard was, wat 1000 keer ligter was: die gram. Dit is oorspronklik in 1792 deur 'n paneel van vooraanstaande Franse akademici gekies. Dit is oorspronklik gedefinieer as die massa van een kubieke sentimeter gedistilleerde water teen 4˚C. Dit is die temperatuur waartydens water die maksimum digtheid bereik, wat 'n kubieke sentimeter van die grootste moontlike massa gee. Alhoewel dit wetenskaplik netjies was, was die massa van 'n gram steeds redelik klein - skaars so groot soos 'n amandel - en dit is vinnig gekritiseer as onprakties vir kommersiële gebruik. In 1799 het die Franse republiek dus die kilogram aangeneem, gedefinieër deur die massa van 'n platinumgewig - dié benadering was nog tot 2018 in gebruik.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 4 | | | 3 | | | | 9 |
| 9 | 8 | 5 | 1 | | 2 | | | 4 |
| 3 | | | 4 | 7 | 9 | 6 | 8 | |
| | | 9 | | 8 | 7 | | 4 | 2 |
| 2 | | | | | | | 6 | 8 |
| 8 | 3 | 6 | | 5 | | | 9 | 7 |
| | | | | 2 | | 8 | | |
| 7 | 1 | | 3 | | 5 | | | |
| | 6 | | | | 1 | 4 | | |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

# Heilbron Martial Arts leerders presteer



*Drie van Heilbron Martial Arts se leerlinge ontvang MASA Development Colours. MASA Development colours word toegeken aan leerlinge wat op 'n Nasionale vlak presteer het. Op die foto bo vl: Shandi Prinsloo, Yonuscha Prinsloo en Annebelle Bester.*



*Gedurende die Taekwondo International South Africa jaarafsluiting ontvang leerlinge die volgende toekennings; op die foto bo vl: Riekert Marx (Beste vordering & Self Control), Shandi Prinsloo (Perseverance & Courtesy) en Yonuscha Prinsloo (Student of the Year & Indomitable Spirit).*

# Data prysverlaging dalk 'n werklikheid

Vodacom is die grootste diensverskaffer in Suid-Afrika en tesame met MTN moet hulle hul dataprys met 30-50% verlaag om vervolging te vermy. Dit is een van die drastiese ingrypings deur die Mededingingskommisie, nadat ondersoek ingestel is in die mark na die buitensporige hoë koste van data in Suid-Afrika.

Tembinkosi Bonakele, voorsitter van die kommisie, het Vodacom en MTN beskuldig van doelbewuste uitbuiting van lae inkomstegroepe in Suid-Afrikaners om sodoende hoër winste te behaal.

Na jarelange markondersoek het die kommissie Maandag die finale bevindings bekend gemaak. Vereistes is aangekondig waaraan hulle moet voldoen oor die komende maande ten einde die verlaging van data. Gegrond op beskikbare syfers word daar geglo dat beide diensverskaffer hul kostes tussen 30 en 50% sal kan verlaag. Vodacom en MTN moet oor 'n tydperk van drie maande 'n ooreenkoms bereik om 'n bepaalde aantal gratis data aan kliënte te bied. Die kommissie het nie 'n aanbeveling gemaak rakende die hoeveelheid data wat gratis aangebied moet word nie, dit moet wel genoeg wees om aan die digitale tegnologie te kan deelneem. Alle verskaffers, insluitend CellC en Telkom, moet ook binne 3 maande sekere opvoedkundige inhoud beskikbaar stel sonder dat verbruikers 'n positiewe balans hoef te hê. Die kommissie vereis dat diensverskaffers meer deursigtig moet wees met hul finansiële state asook die verhuring van hul netwerkinfrastuktuur aan ander diensverskaffers.

# Erkenning aan SA skool-atlete



*Die Vrystaat is die enigste provinsie wat erkening gee aan hul SA atlete deur 'n funksie te hou. Aldi Strydom, leerling van Hoërskool Heilbron, het die voorreg gehad om dit by te woon.*

Wees deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033 of 083 363 6553.

# Dienssentrumlede sluit jaar af by Lalapanzi Lodge



*Op die foto bo van die Dienssentrumlede in gesellige luim.*



*Lalapanzi Lodge is 'n weggesteekte juweel hier onder ons neuse! Die dienssentrum hou hulle afsluiting vir die jaar by Lalapanzi Lodge op 3 Desember 2019. Die lede het heerlik gekuier onder 'n koel lapa met 'n drinkdingetjie in die hand en 'n vleisie op die kole. 'n Verskeidenheid wildsbokke het op 'n afstand nuuskierig gestaan en kyk na die vreemde mense so naby aan hulle drinkplek. Vir die Dienssentrumlede was dit 'n ontspanne en gesellige kuier met mekaar. Hulle is opgewonde om mekaar weer te sien DV in Januarie 2020.*

# terugblik



***HEILBRON HERALD, 30 MEI 2014 - KINDERBESKERMINGSWEEK VERF DIE DORP BLOU***
*Beskerm ons Kinders: Heilbron se netbalklub het gewys dat hul harte van goud het deur die nasionale veldtog teen kindermishandeling te ondersteun. Die spelers het die afgelope week plakkers ter ondersteuning van hierdie inisiatief gedra. Dié 16 spelers spog met 11 woelwatertjies van hulle eie. Voor is Loandrie Cilliers, Julia Stemmet, Sirietha Underhay, Liesbeth Mofokeng, Maria Radebe. Agter is Marinelle Breitenbach, Rizette Greeff, Jolien Engelbrecht, Liza Boshoff, Carika Rochat, Lydia Qibi.*

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil, gerig aan die redakteur.***

So naby aan die einde van die jaar, wil ek graag, langs hierdie weg, my dank betuig, aan die Redaksie en personeel van die Heilbron Herald, vir al hulle vriendelike dienslewering en dat hulle ook altyd sorg dat ons gereeld elke Vrydag die uitgawes van die Heilbron Herald het, met al die nuusberigte en bydraes van die publiek. Ons kan trots daarop wees dat ons 'n eie Afrikaanse koerantjie het! Baie dankie.

Geseënde Christusfees wat nog oppad is.

Dan wil ek ook my dank uitspreek teenoor die personeel in Huis Bron-van-Heil vir wat hulle doen. Matrone wat sorg dat ons gereeld ons medikasie vanaf die kliniek ontvang en uitdeel. Die susters wat na ons gesondheid omsien, ook hulle in die kantoor. Wat hulle werk alles behels weet ek nie, seker administrasie en finansies. Jammer dat Sandra ons moet verlaat. Ons sal hulle flinke diens en vriendelikheid mis. Baie dankie Sandra. Dan is daar die res van die personeel wat hard moet werk om al die inwoners, wat nie hulle self meer kan help nie, te versorg, julle doen 'n edel werk. Wat sal die arme ou mensies kan doen as daar nie helpende hande is wat hulle help met versorging. Hulle is afhanklik van julle hulp. Julle in die kombuis – dankie dat julle altyd sorg dat ons gereeld ons maaltye op die tafels kry. Julle doen julle bes, wat waardeer word! Dankie julle wat die hek se oop, en toe, maak beheer. Dankie aan hulle wat sorg dat die gange en badkamers skoon is. Dankie aan die tuinwerkers wat sorg dat die blomtuin en groentetuin versorg is. As ons bossies moes uittrek sal ons dit maklik doen, ek het self met 'n sekel lang gras afgesny vir die pret. Wonder of die dorpsjapies weet wat is 'n sekel.

Aan elke einde van 'n jaar, kan ons self afvra: was ons vir ander tot 'n voorbeeld en het ons vir iemand iets beteken? Bó alles, was ons 'n getuie vir die Here? Sy onverdiende Genade was só Groot oor ons. Aan Hom al die eer, wat ons nogtans deur gedra het in moeilike tye. My innige meegevoel aan al die hartseer mense, wat dierbares moes afstaan. Mag Hy julle styf vashou en deurdra.

*Heléne Howell*

*NS* Baie dankie aan almal wat dikwels ons verras het met iets besonders om te eet! Ons waardeer julle omgee!

Ek wil ook net graag 'n regstelling maak, van iets wat ek 'n tyd gelede gesê het in verband met kinders word gesien en nie gehoor word nie, soos in ons tyd was. In ons geval moes ons maar skoert as daar kuiermense gekom het, maar aan etenstafel en in die huis, kon ons met pa en ma gesels het, en hulle met ons.

**Paar gedagtes:**

**Liewe mamma:** Wees die plek waar jou king afpak waneer skool of vriende sleg is, wees die plek waar hy of sy jubel wanneer hy of sy iets reggekry het en wees die plek waar hy of sy net hom / haarself kan wees. In die niks (stil tye) waar ek God ontmoet leer Hy my om my kind te verstaan, te lei, te leer, lief te hê en te aanvaar.

*Bron: Uit "Lewende Lote" gemeenteblaaitjie Petrus Steyn*

**Skoonheidsmiddels:** aan 'n Christenvrou is eendag gevra wat sy gebruik om haar hele wese so pragtig en aantreklik te maak. Haar antwoord: "Vir my lippe gebruik ek die Waarheid. Vir my stem, vriendelikheid, vir my oë gebruik ek Barmhartigheid. Vir my hande, Liefdadigheid. Vir my postuur Opregtheid. Vir my hart gebruik ek Liefde. Vir enigeen wat nie van my hou nie, gebruik ek Gebed.

*Bron by my onbekend.*

As jy depressief voel, en jy vind dit moeilik om te bid, só sê Sielkundiges, wees dan net rustig en sê niks nie, weet dat die Here jou vashou.

*Bron: Onbekend*

P & V
**VAKATURES**
***Aansoeke word ingewag by Potgieter & Vennote vir Junior Personeel.***
**VEREISTES:** Rekenaarvaardig of Rekenkundige agtergrond
**SLUITINGSDATUM:** 17 Desember 2019
**CV's kan gestuur word na:**
E-Pos: jurie@jgpotgieter.co.za
Faks: 058 853 0015
Per hand: Breëstraat 33, Heilbron
***Enige navrae, kontak Jurie Potgieter by 058 852 3001***
*JG Potgieter & Vennote Ingelyf*
*Geregistreerde Ouditeure*

Herald Sport

# Arnold los beste vir laaste


Arnold Saayman (regs) het se beste gholf gebêre vir die laaste borgdag van 2019 by Heilbron Gholfklub en wen die 38 punte. Julyan Bruyns was konsekwent en eindig tweede met 37 punte. Eben Stander het die pryse namens die komitee oorhandig.

# Vader Kersfees was ook daar


Die opgewondenheid van kindergesiggies is dierbaar as hulle vir Vader Kersfees sien. Hy was ook by die afsluiting en almal is met 'n geskenkie beloon vir hulle mooi gedrag. Van die jonges was nie te "happy" om hom te ontmoet nie.

# Valsrivier dames- en manspare kompetisie

Die afgelope naweek het die Valsrivier Sub-Distrik dames- en manspare kompetisie by Kroonstad Rolbalklub plaasgevind. Heilbron Rolbalklub was weereens goed verteenwoordig met 4 spanne wat deelgeneem het. Petro Habig en Adele Booysen, Hannalie Claassen en Carina Kleynhans, Terence Cunningham en Johan Greyling, Gerald Rademeyer en Gustav Booysen, asook Antoinette Cunningham wat saam met 'n lid van KBC gespeel het.

Om 'n hittegolf te beleef is een ding, maar om 'n hittegolf op 'n rolbalbaan te beleef is 'n perd van 'n ander kleur. Indien Kroonstad na dese 'n watertekort ervaar sal dit verstaanbaar wees, want Toks en Tjops se "lemonade" word nie tydens spel toegelaat nie, met die gevolg dat almal aangewese was op die skoon koue water wat tydens spel voorsien, terwyl Hannes Horn se ysmasjiene moes "sweet" om by te hou.

Alhoewel die hitte uitputtend was vir die spelers, is goeie rolbal gespeel. Hannalie Claassen en Carina Kleynhans, asook Gerald Rademeyer en Gustav Booysen gaan op 11 Januarie in Welkom deelneem teen die spanne van Goudveld en Riemland.

Indien die weer dit toelaat, word daar beplan om weer Vrydagaand rolbal te speel en almal is welkom om die aand saam met ons te kom geniet, selfs al het jy nog nie voorheen 'n bal gerol nie. Kom gerus, daar sal iemand wees wat jou daarmee sal help.


Op die foto vl: Hannalie Claassen, Carina Kleynhans, Gerald Rademeyer en Gustav Booysen.

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron
• Dora's Peace
• Kanarie
•US
• Ugly Dolls
• Pet Sematary
• MA
• Backtrace
• Spider in the Web
• Secret Life of Pets 2
• Fast & Furious: Hobbs & Shaw
• Lion King
Kerkstraat 42 C / 42C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 9 DESEMBER 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DINSDAG - 10 DESEMBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DONDERDAG - 12 DESEMBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco 079 493 9755
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
VRYDAG - 13 DESEMBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID